JESAJA 43:18-20 NGK MIEDERPARK 23/8/09

TEMA: MAAK KLAAR MET DIE VERLEDE! Ds Okkie Cilliers

Maak klaar met die verlede!

Die Bybel wemel daarvan (o.a. 42:10, Fil 3:13-14) en Christene verstaan dit baie goed. Dis waarom ons geloof draai; dis immers hoekom Jesus mens geword het – om die sondes en ellendes van die verlede toe te maak en hoop vir die toekoms te gee. En dis reg dat ons dit so verstaan! Want die verlede moet toe omdat dit ’n berg is wat ons op ons skouers dra. Sommige van die goed wat daar lê lyk nie te sleg nie; is ander minder mooi; maar die groot gros is verskriklike dinge wat die Here met al sy woede moet straf.

- Dankie vir Jesus se genade! Want woorde soos Heb 10:31 maak bang.

Dis lekker om te weet dat God sy rug op die verlede draai en dat ons dieselfde kan doen. Christene bely met ’n sug van verligting dat die Here die verlede uitgevee het... en uitgevee het... en uitgevee het... Maar ons maak nie klaar met die verlede nie. Inteendeel; ek het meer as ’n vermoede dat ons die kursus oor die verlede nie so lekker verstaan nie want die verlede gaan vandag nog voort net soos dit gister gegaan het. Ons is baie dankbaar om terug te kyk na die toegemaakte verlede, maar ons gee nie ’n tree verder as die toegemaakte verlede nie.

- Dankie tog vir die Here se vergifnis en dat ek nie by ”die vroeëre dinge moet stilstaan nie.”

Maar wat van vandag? Kyk weer mooi na die teks:

> ”Moenie net aan die verlede dink en daarby stilstaan nie... kyk *Ek gaan iets nuuts doen*... dit staan op die punt om te gebeur...”

Maak klaar met die verlede en begin die nuwe dinge doen! Sien *vandag* raak en dan begin jy ’n nuwe pad na die toekoms toe loop! Kyk mooi na die teks:

> ” Ek staan op die punt om iets nuuts te doen... Ek maak in die woestyn ’n pad.”

As jy die verlede wil toemaak, begin jy ‘n pad in die woestyn loop. God se nuwe dinge is nie ‘n vakansie by die see nie, maar by ’n pad in die woestyn. En dis ‘n moeilike ding om te doen, want daar is nie paaie in die woestyn nie – dis net ’n droë klomp sand. Die nuwe ding is ’n onbekende ding.

Ja, dis reg en mooi om te wil klaar maak met die verlede. Maar dis nie waar dit stop nie. Jy moet nou die nuwe en onbekende pad loop en jy het nie ’n idee waar dit jou gaan bring nie. Die probleem is net dat die meeste mense nie weet ***hoe*** om die verlede toe te maak en die

nuwe pad in die woestyn te loop nie. Hulle het mooi woorde wat hulle sê maar baie min nuwe dinge gebeur. Inteendeel, dis dieselfde dinge van die verlede wat oor en oor vandag steeds gebeur en van môre se nuwe pad in die woestyn kom nie veel nie!

- *Eintlik kan die verlede se toemaak en die ooptrap van die nuwe pad nie van mekaar losgemaak word nie – dis dieselfde ding! Terwyl die nuwe pad oopgetrap word, word die verlede toegemaak.*

Kom ons kyk na hoe word dit gedoen.

In die eerste plek moet jy presies weet wie is dié God wat die verlede toemaak en jou voete op 'n nuwe pad vat. ***Dit word geloof genoem***. In die tweede plek besluit jy wat om hierdie God te doen. ***Dit word dankbaarheid genoem.***

1. <u>Ek glo in God. Ek glo in die Drie-enige God.</u>

Ek kan dit nie uitredeneer nie en ek hoef dit ook nie te bewys nie. Maar ek glo in dié deel van God wat ons "**Vader**" noem. Ek glo dat Hy my versorg soos 'n pa dit vir sy kind doen. Ek glo dat Hy my in die holtes van Sy hande hou soos dit in 43:1-4 beskryf word.

- Glo jy dit?

Hoekom is jy dan so bekommerd oor die pad wat jy in die woestyn moet loop? Jou hemelse Pa het belowe dat Hy nooit moeg word en nooit aan die slaap raak nie (Ps 121) en dat elke haar op jou kop getel is en vir Hom belangrik is. Niks kan jou uit sy hande ruk nie (Rom 8:37-39).

Ek kan dit nie uitredeneer nie en ek hoef dit ook nie te bewys nie. Maar ek glo in dié deel van God wat ons "**Seun**" noem. Ek weet dat daar 'n breuk tussen God en mens gekom het na Adam sy rug op God gedraai het en sy *lewe* verloor het; ook dat net iemand wat beide God en mens is daardie breuk kan regmaak met *lewe*. Jesus is daardie God/mens wat toe met lewe my lewe kom herstel het. Die mokerhoue van God oor my verledes het Jesus in my plek kom vat en ek glo Hom as Hy sê dat elkeen wat in Hom glo nooit weer verlore sal gaan nie. 1 Joh 1:7 verklaar kragtig dat die bloed van Jesus my van alle sondes reing.

- Glo jy dit?

Hoekom is jy dan vasgevang in jou verlede? Hoekom glo jy dat jy sleg is? Hoekom moker jy jouself oor die dinge wat gebeur het? My Verlosser het gekom en in die woorde van Ps 103 belowe Hy dat Hy my gisters vergeet het en dit so ver van my weggevat het as wat die ooste van die weste is! Ek is werklik *gereinig!*

Ek kan dit nie uitredeneer nie en ek hoef dit ook nie te bewys nie. Maar ek glo in dié deel van God wat ons "**Heilige Gees**" noem. Ek weet dat Hy binne my kom bly het en alles wat die Vader en die Seun doen, vir my regtig waar maak. Sedert daardie dag het ek verander van weggooi-mens na prins van die lewende God; en die ongelooflike het gebeur dat ek deel gekry het aan Jesus se "Goddelike natuur" (2 Pet 1:4). Ek kan nie meer vat wat ek wil nie want my hande het sy hande geword; ek kan nie meer sommer net kyk nie want my oë het die Verlosser se oë geword; ek kan nie meer dink wat in my kop wil opkom nie want die Prins woon in my gedagtes; ek kan nie sommer net meer praat nie want my mond het Sy mond geword.

- Glo jy dit?

Hoekom glo jy dan dat 'n *loser* is wat moet aansukkel met die dinge van die verlede? Hoekom glo jy die leuen uit die hel dat jy nie 'n heilige lewe kan leef nie!? Hoekom glo jy dat 'n lewe van oorwinnining net vir ander goeie mense bedoel is en nie vir jou nie?!

2. <u>Ek leef vandag saam met God.</u>

Hierdie deel kan nie van die eerste losgemaak word nie . As jy glo sonder om saam met Jesus te leef, is dit 'n valse geloof (Heb 2:14-18); jou geloof en jou dade moet dieselfde ding word. Christene wil almal sê dat hulle hemel toe gaan (dankie tog!), maar vir die meeste stop dit daar want verder gebeur niks nie. Hierdie mense verstaan nie wat geloof is nie, want Jesus het jou nie kom red om jou in die hemel te kry nie, maar om jou soos Hy te maak (Kol 3:10) en om deur jou hierdie stukkende wêreld se verlede te help toemaak as jy 'n nuwe pad in die woestyn uitrap. *Jy moet verander!*

Die heel belangrikste ding: as jy met geloof wil leef, *moet jy weet wie jy in Jesus is en wat jy alles in Hom kan doen!* Want ons probeer op ons eie die prop op die verlede druk en nuwe woestynpaaie loop maar glo nie dat dit regtig kan gebeur nie. Ons dink, praat, kyk en doen soos 'n klomp *losers* wat pateties en hopeloos is. Dis eenvoudig nie waar nie, want alles wat Jesus gedoen het, is tot my beskikking en wag net om gebruik te word (Gal 4:7 sê ek is God se erfgenaam; 1 Joh 4:4 bevestig dat Hy wat in my is groter is as hy wat in die wêreld is; Rom 8:37 reken ek is 'n wenner omdat Jesus in my is en Fil 4:13 sê dat daar niks is wat ek nie kan doen nie).

Die lewe van geloof kom nie vanself nie en wie wag dat iets moet gebeur sodat die pad in die woestyn getrap kan word, gaan lank wag! Dit begin by die punt waar jy die keuse maak dat jy uit die ou lewe na die nuwe lewe gestap het en met die krag van Jesus *sal* leef. Kyk weer mooi na die teks: wat is die nuwe dinge wat die Here gaan skep en wat op die punt staan om te gebeur? Die "nuwe ding" is wat vers 19 sê "die volk wat Hy skep om Sy lof te verkondig." Dis 'n groep mense (wat Hy sy volk noem) wat opstaan en die dinge van die Here begin doen (wat Sy lof verkondig). Die lewe in die geloof begin by die punt waar jy die keuse maak dat jy uit die ou lewe na die nuwe lewe gestap het en met die krag van Jesus *sal* leef. *Dit het enorme implikasies.* 'n Paar praktiese voorbeelde:

My boeie is gebreek! Ek is regtig vergewe (Kol 2:13) en die kettings wat die satan om my gebind het, is regtig gebreek (Kol 2:15). Goddank; daar is niks wat ek hoef te doen (ek kan in elk geval nie!) om skoon voor God te kom nie.

Ek <u>*kan*</u> opstaan en ek hoef nooit weer terug te kyk nie. Ek <u>*moet*</u> opstaan en nooit weer terugkyk nie. Om dit reg te kry, moet ek binne God se wil leef. Ek het geen ander keuse nie as om ’n heilige lewe te leef wat tot eer van my Verlosser is!

- Wat laat jou vandag by die verlede stilstaan? Watter kloue het die duiwel jou mee gegryp dat hy jou van die nuwe paaie wil weghou en wil keer dat jy ‘n loflied vir God sing?!

Breek dit vandag. Bely dit en aanvaar die beloftes van Jesus dat jy vergewe word (1 Joh 1:9) Dit maak nie saak wat gebeur het nie – die verlede stop hier en jy begin ’n nuwe pad loop waar jy vir Jesus sing!

Ek gaan nie meer met middelmatigheid leef nie. As daar een ding is wat God haat, is dit middelmatigheid en Open 3:16 draai geen doekies om nie. Om die verlede toe te maak, is nie *cheap talk* nie; ook nie goedkoop offers aan die Here nie. Om nuwe paaie oop te trap is ook nie om goedkoop drome te droom nie, nog minder is dit om lui-lui mooi voornemens te maak. Dis immers ’n pad wat *in die woestyn* geloop word en die toekoms vra ’n prys – dis alles of niks. As jy God eer, eer Hy jou. As jy Hom nie eer nie, stap Hy op jou uit. As jy Hom ignoreer, gaan niks in jou lewe gebeur nie (Gal 6:7-8).

- Jou offers aan die Here wys vandag presies waar jy met Jesus staan – of jy uit die verlede is en binne God e wil is. Hoe jy o.a. jou tyd (kerkbywoning?) en geld (dankoffers?) spandeer wys of jy nog tragies in die verlede rondkrap en of Jesus jou vrygemaak het!

Die woestyn kan rof raak en daar is baie bendes wat in die woestyn ronddwaal op soek na ‘n sukkelaar soos ek wat sukkel om Jesus se voetspore in die sand te sien.

- Dit sal die dag wees!!

Ek is vry en kan oor die berge spring en die bendes aanvat soos Ps 18:30 dit verklaar. Ek kan dinge uitsorteer en dinge kan/gaan my nie onder kry nie. Ek en die lewende God is saam in hierdie woestyn-lopery en ons twee saam is ’n hele weermag! Saam ruk ons die hel se poorte uit!

Ek volg Jesus. Hy word die belangrikste saak in my lewe!

As God die ou boeke van die verlede toemaak en nuwe paaie in die woestyn oopmaak, is dit nie met mense wat slim, sterk en ryk is nie. Inteendeel, Hy loop by dié verby wat dink hulle kan vir hulself iets in die lewe regkry. Om die waarheid te sê, is Hy so groot dat Hy niemand nodig het om iets vir Hom te doen nie en Hy gebruik net die wat so dom is dat hulle weet hulle kan niks sonder Hom doen nie; diegene wat so *stupid* is dat hulle niks op hulle eie wil doen nie en Sy toestemming vir alles vra; hulle wat *dropouts* is en nêrens wil heengaan en niks wil doen voordat hulle nie eers by Hom gehoor het nie…

- Niks maak saak behalwe Jesus nie!! Here, ek gee vir U alles in my lewe!

Want dan gebeur die wonderlike ding: as ek Hom die belangrikste ding in my lewe maak, maak Hy my die wonderlikste ding. As ek omdraai en Hom eer en lofliedere vir Hom sing, eer Hy my ook. Hy maak die verlede toe en trap spore oop in die woestyn. Ek kan Hom volg.

Dis vir jou bedoel.

Amen.